



**Op Saterdag 30 Maart hou ons gemeente
heerlik basaar!**

Bring gerus **wit olifante** en **boeke** kerkkantoor toe.

As iemand bereid is om 'n lekker koek of tert vir die
teetuin wil maak, kan die kerkkantoor gebel word.

KLEREVERKOPING

Op Saterdag 16 Maart is daar tussen 8 en 11 'n klereverkoop
in die kerkzaal. Die Omgee-boetiek hou 'n groot verkoping.
Almal is welkom om te kom snuffel tussen al die winskopies.
Moedig ook jou huishulp aan om te kom koop.

GEBEDFOKUS

Ons bid vir:

*Die Agape-kamp 8-10 Maart :bid vir die spreekster Jurita
Saayman, en almal wat dit bywoon vir geestelike seën en
verryking, dat al die reëlings vlot sal verloop.*

Die basaarreëlings, voorbereidings en groot seën.

*Vir die leiers van ons gemeente vir onderskeiding en leiding van
die Heilige Gees.*

Almal wat siek is , hulle naasbestaandes en versorgers.

*Ons loof en dank ons Vader vir wonderlike seën, sorg, Sy liefde
en trou.*

*Deur gebed kan ek vir ander iets beteken en ontvang ek krag om
die wêreld 'n beter plek te help maak.*

*Gebed is die suurstof van my geloof . God geniet ons lof en
aanbidding!*



DEUR GOD

die bron
van lig en lewe

LEWE ONS



Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

Steven Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf:

E-pos ngkkleinmond@gmail.com

3 Maart 2019

Welkom by die Erediens



08:30 Kerkzaal - Ds. Steven Sass
09:00 Hangklip - Ds. Daan Botha
09:30 Kerkgebou - Ds. Steven Sass

Deurkollekte: BADISA

Eredienste Sondag 10 Maart 2019

08:30 Kerkzaal
09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai
09:30 Kerkgebou

Deurkollekte: Gemeentebediening



**Ons gemeente
se snapsan kode**

ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het

Ons dink veral aan Ida Mouton: HK1 (☎ 4068),

Frieda Willemse: Sc2, Essie Groenewald: KP en Careen de Hart: KP

.. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar:

MELANY BESTER (HK1), ERIC BESTER (Sb1),
 ANNELIESE BUYS (KB2), LOUNA CONRADIE (Sa4),
 GIELIE DU TOIT (HK1), CHARMAINE ERASMUS (PM1),
 FRANS HUGO (Ba2), OTTO KLUYTS (Sa2),
 MARINDA MEYER (PM5), HANNETJIE TROLLIP (Sb2),
 SARYNA VAN AS (Sb3), LENIE VAN WYK (HK1).

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool in die kerksaal
Maandag	Basaarlyste by dienswerkers
Dinsdag	16:30 Gebedsgroep 17:00 Dagbestuur
Woensdag	As-Woensdag: Meditasiedienste in kerkgebou 09:00 en 18:00
Donderdag	Basaarlyste ingedien 15:00 Basaarsameroepers vergader 16:00 Kooroefening in die kerkgebou 18:30 Bid vir sendelinge
Vrydag	19:00 Blok Sa se potjiekos

AS-WOENSDAG

As-Woensdag is die begin van die Lydenstyd, die dag waarop ons bewustelik Lydenstyd binnegaan. Daar is twee dienste in die kerkgebou en wel om 09:00 en 18:00.

Dit is in die voem van 'n meditasiediens: geen preek, met musiek en die Woord.

Kom word saam stil op hierdie besondere dag.

KOM HELP ASSEBLIEF MET DIE KLANK

Die klankspan is dringend op soek na hulp met die klank in die kerkgebou. Kom meld asseblief aan as u daar betrokke wil raak.

SABBATSVERLOF VIR DS. STEVEN

Van 11 Maart tot 10 April neem ds. Steven sabbatsverlof. Elke drie jaar is 'n leraar verplig om dit te neem. In daardie tyd sal hy nie telefonies bereik kan word nie en lidmate word gevra om hom die rus te gun.

Ds. Jannie Hougaard neem in daardie tyd waar en lidmate in Hangklip, see a, see b en see c asook Kogelpark word gevra om hom te bel in geval van nood.

Ds. Jannie se selnommer is 083 680 7694

VROUEBYBELSTUDIE

Dinsdag		
KB1-5	15:00	Maria Theron, Esseboomlaan 36
Sb4	09:30	Rosemary Drent, Vierdestraat
Sa3	15:00	Alta Hougaard, Tweedelaan 140
PM1	15:00	Daphné Loots, Alheitstraat 33
PM3	15:00	Susan Duvenhage, Palmietweg 55
Sa4	15:00	Elize Uytenbogaard, Eerstelaan 116
HK3	15:00	Maré Vorster, Ursinialaan 27
Woensdag		
KP	09:30	Kogelparksaal
HK1+2	09:30	Lenie van Wyk, Watsonialaan 3
Ba1-3	10:00	Cecile Coetzee, Jasmyn 2 (12 ^e laan)
Sa1+2	10:00	Hettie Rust, Tweedelaan 171
Sc1-4	10:00	Hannetjie du Preez, Vyfdelaan 23
Sb1-3	15:00	Anette Bester, Vierdelaan 95

Woensdag 13 Maart

Bb1-4	15:00	Constantia Cilliers, Negendelaan 96
PM2,4,5	15:00	Henriëtte Botha, Singletonstraat 32

Liewe mede-kindere van ons Hemelse Vader in Kleinmond.

Baie dankie vir julle meelewing (en saambid) met ons Kerkraad se afgelope vergadering. Die Kerkraad belewe dat ons geroep is om ons gemeente-gesin te dien deur organisatoriese leiding te gee. En ons ervaar dat die Here ons daarmee help!

Ons het d.m.v. die verslae voor ons agtergekom dat daar "onder die radar" baie goeie dinge deur ons gemeentelede in ons area gedoen word. Ons prys God daarvoor! Dis té veel om hier te vertel. Jy kan gerus die sakelys met al die verslae by die kerkkantoor aanvra as jy meer daaroor te wete wil kom. Ons sal ook d.m.v. 'n Derde Gelui iets daarvan vertel.

Die groot saak op ons agenda was ons werkkommissies en bedien-aksies se jaarlikse beplanning en ook begroting daarvoor. Ons verwag weer, soos verlede jaar, dat ons met jou dankoffer – én die ekstra myl se saamloop met die basaars, ens. – kan saamwerk om God se koninkryk al hoe meer sigbaar te maak. Ons verstaan mos dat ons geroep is om sy ligdraers, verskilmakers en ambassadeurs te wees.

Ons was veral dankbaar om te verneem dat daar meer as R50 000 ingekom het vir die slagoffers van die vreeslike brand in die Hangklip-streek. Dit was só 'n groot voorreg om as spreekbuis van die Here met die uitdeel daarvan te kon sê: "Ontvang die genade van die Here!" Ons wil tot die laaste sent uitdeel, want dis waarvoor dit gegee was. Dankie aan ds. Steven vir die groot ondersteuningswerk in die verband.

Ds. Steven kry vanaf 11 Maart tot 10 April 'n sabbatsverlof. Die bedoeling daarvan is nie dat hy bloot vakansie neem nie. Hy moet aandag gee aan sy gees se rus. Hy sal telefonies heeltemal onbereikbaar wees, maar in sy plek het die kerkraad vir my, Jannie Hougaard, vasgemaak om vir dr. Chris te help. Bel my asb. as jy my

nodig het – nie net vir sogenaamde noodgevallen nie. My nommer is 083 680 7694.

Onthou ook jy het 'n direkte kanaal na die Kerkraad en Uitvoerende Dagbestuur deur die e-pos adres ngkkleinmond@gmail.com. Stuur gerus wat die Here op jou hart lê daarnatoe. Ons luister graag.

Ons sien vol hoop uit na die res van 2019! Ons verwag om die Here nabyheid en genadewerking elke dag op te merk. Vertel gerus mekaar daarvan!

Groete uit Tweedelaan 140,

Jannie Hougaard

SAALDIENS SONDAG 10 MAART KORTBROEKDIENS

Trek lekker gemaklik aan en kom normaalweg na die erediens om 08:30. Om 12 uur kom almal by die strandmeer bymekaar met hul piekniekmandjies. Ons gaan kyk hoe die pa's en ma's toutrek – letterlik!

BESPREKINGS

Lidmate moet kennis neem dat alle besprekings vir die kerkgebou, die kerksaal en die gemeentesentrum in Bettysbaai by die kerkkantoor gedoen word. Slegs by die kerkkantoor is alle inligting oor die beskikbaarheid van die verskillende lokale.

OM OOR TE GLIMLAG

What goes oh oh oh?

Santa walking backwards